Winter 8-15 Julie 2017

Kookwatertoer—Swem in die winter en vang vis!

Dis winter! Gaan ons, of gaan ons nie? Moeilike een!! Dit kan eintlik heerlik wees. 'n Sekere deel mag dalk net bietjie moeilik wees.



Dag 1 (Saterdag 8 Julie): Ons vertrek (tyd en plek sal nog bevestig word). Afstand: 435km. **'n Verandering is altyd goed. Vernuwing is nodig om ontslae te raak van alle stres wat werk en die stad kan bring.** Hier slaap ons 1 nag.

Dag 2-4: Ons vertrek na ons volgende staanplek. Afstand: 187.1km. **Uitvlugt kan baie verskillende betekenisse hê. Ons ry nie verby Rhodes voedselvervaardiger nie; so pak maar genoeg blikkies kos in**. Hier vertoef ons 3 nagte.

Iets om die brein te prikkel:

- Sonder my sal talle mense sonder werk wees. Dit kan hulle drome verpletter. Mens kan mos nie so selfsugtig wees nie. Ons moet dus die verkope van hierdie produk ondersteun
- My status is verhef van begrafnis na troues. My naam kom nie verniet van die Griekse god, Proteus, nie!
- Ons kan vir Amy, Thabo, Sheila, Alice, Dowwe Dolla, Andy, Ziggy en Mindy gaan kuier en saam met hulle rus vind.
- Ek is menige dames (en here) se nagmerrie so bring maar 'n hoofbedekking saam.

Dag 5-6: **Na waters waar rus is, lei hy my heen**. Afstand: 180km. Hier slaap ons 2 nagte.

Dag 7: "Slow down or miss the slow town." Afstand: 164km. Hier slaap ons, ons laaste nag.

Dag 8: Ons pak die tog terug huis toe aan. Afstand: 300km

Enige iemand wat belangstel om die toer mee te maak moet asb vir Tjaart Snyman kontak by 084 580 5818.

Belangrike inligting:

- Staanplek sal om en by R1800 wees
- Totale afstand is ongeveer 1266km
- Vat asb baie warm klere saam
- Swemklere is 'n moet!
- Daar sal geleentheid wees om beide see en varswater vis te vang. So die hengelaars moet hulle stokke saambring
- Bring 'n vleisie vir pot asook maalvleis saam. Ons maak mos gewoonlik twee aande saam kos.
- Bring **BAIE soetwyn** saam!

Ons hoop dat sommer baie van julle die toer sal meemaak!